

29 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 1:5-25

Fokusgedeelte: Lukas 1:14, 15a

Jy is groot voor die Here, jy het 'n roeping!

Die aankondiging van Johannes se geboorte, merkwaardig! Die Here se seën word duidelik in hierdie gedeelte gesien. Elisabet, Sagaria se vrou, was onvrugbaar en altwee van hulle was al op gevorderde ouderdom. Menslik gesproke is dit onmoontlik om 'n kind in die wêreld te bring. Tog kom die Here se almag na vore, Johannes sal gebore word, uit 'n ou, onvrugbare vrou. Johannes sal 'n bron van blydschap en vreugde wees, mense sal bly wees oor sy geboorte, want hy sal groot wees voor die (oë van die) Here.

Ons moet onthou dat Johannes gebore is met 'n doel: om die volk Israel tot die Here te bekeer en ook om die volk met mekaar te versoen. Hy was met die Heilige Gees vervul, daarom kon hy dit ook doen. Hy het 'n roeping gehad, hy moes voor Christus kom, die pad gelyk maak (Matt 3:3).

Wat beteken dit vir ons? Ons weet Christus het klaar aan die kruis gesterf en het vir jou opgestaan uit die dood, vir jou persoonlik! Dit is wonderlik om dit te kan weet, ons het deel daaraan! Ons is God se kinders, ons is belangrik vir Hom.

Ons kan en daarom moet ons 'n bron van blydschap en vreugde wees. Dra die evangelie uit, roep mense weer tot God. Ons het almal hierdie belangrike roeping. Ons kan dit doen, omdat ons die Heilige Gees het wat ons help. Ons kan dit doen, want Christus is met ons tot die voleinding van die wêreld!

Sing: Psalm 130:3 (Totius)

Teologiese Student Marco le Roux

